



**Inleiding:** Deur al die jare is daar 'n paar temas wat mense altyd interesseer. Veral ook die tema oor die Heilige Gees. Die hartseer is dat dit per ongeluk ook deur die jare groot gevegte tussen kerke kenmerk. Daar is ook geweldige verwarring oor die werk van die HG.


Maar dit is natuurlik glad nie iets nuuts nie. Reeds in die 4 de eeu lei die debat oor die Drie-Eenheid tot die belydenis van Nicea.

Voordat ons dus enigsins oor die HG (Heilige Gees) kan praat moet ons net eers oor die Drie-Eenheid gesels.

Baie metafore:

- Eier – dop, wit, geel
- Kers – pit, vlam en hitte
- Water – water, stoom en ys
- Rolle – man, pa en dominee

Scutum Fidei:



“Una substantia, tres personae” – een wese drie persone.

Hoekom is dit belangrik om eers die Drie-Eenheid te verstaan voordat ons oor die HG gesels?

- Ons kan nie God en Jesus en die Gees van mekaar skei nie.
- God betaal nie in paaiemente uit nie.
- Dit beteken dus as jy hier sit en Jesus as Verlosser aanvaar het, dan het jy die HG.
- Hoeveel van die HG? Alles van die HG!
- Jy kry nie eers vir God, en dan vir Jesus, en dan later die HG nie.

Vanaand kyk ons na 3 vrae wat soms verwarring tussen gelowiges veroorsaak.

## 1. Is jy al gedoop met die HG?

Mense sal ook praat van 'n “second blessing”. Dit verwys dan ook gewoonlik dat jy na jou bekering 'n definitiewe **tweede** ervaring in jou geestelike lewe gehad het wanneer jy met die krag van die HG vervul is.

Die term 'doop met die HG' kom 7x in die Bybel voor [Matt 3:11; Mark 1:8; Luk 3:16; Joh 1:33; Hand 1:5; Hand 11:16-17; 1 Kor 12:13] maar nêrens is dit 'n opdrag wat gelowiges hoef te soek nie.

## 2. Wat beteken dit as die Bybel sê ons moet met die Gees vervul wees?

Nêrens praat iemand van iets wat vervul word nie. Glase word *volgemaak*, en motors se petroltenks word *volgemaak*, en wense en voorspellings word *waargemaak*. Dit beteken eintlik alles dieselfde.

Om vol te wees van die Gees, het te make daarmee dat God deur die Heilige Gees al meer beheer in my lewe het; dat my verhouding met God, met die Heilige Gees al meer 'n bewustelike verhouding van oorgawe is.

**Trying to run your Christian life without the Spirit is like trying to drive a car without the engine.**

Hoe weet ons dan of iemand Geesvervuld is? 1 Kor 13 sê liefde is die bewys dat jy Gees vervuld is.

***Yet the bottom line of the Spirit's work in our lives is not power to perform miracles, but a transformed hart that learns how to love."***

Martin Luther het gesê: Geloof se buitekant is die liefde. Jy kan nie altyd mense se geloof sien nie, maar jy kan altyd sien of hulle liefde het of nie.

Galasiërs 5:22 stel dit ook baie duidelik: Die vrug van die Gees, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goeiehartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

### **3. Wat beteken dit as mense sê hulle is met die Gees gesalf.**

In die Bybel is die klassieke woorde wat volg op salwing letterlik, of by implikasie, iets soos "... sodat ..." of "... om ..."

- \* Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om (Jes 61:1)
- \* Salf en wy hom sodat ... (Eks 40:13)
- \* Ek en jy word dus deur die Heilige Gees *gesalf om* die Here in sy koninkryk te *dien*.

**Johannes 7:38-39:** Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei. " Hiermee het Hy na die Gees verwys ...

**Geloof se buitekant is liefde!**



## kleingroep

### **Tuiskoms:**

Vertel vir mekaar wat was die lekkerste kos, en die slegste kos, wat jy die week geëet het.

### **Groepsgesprek:**

- Wat het jou geraak van Sondag aand se diens?
- Wat het jy gehoor wat bevestig is in jou verstaan van die Heilige Gees?
- Wat het jou gehelp om nuut te dink oor die Heilige Gees?
- Wat beteken dit alles (wat ons gehoor het in die preek en gedeel het met mekaar in ons gesprek) vir my elke dag se leef met die Heilige Gees?

### **Sluit af...**

Deel in groepies van 2 en deel waarvoor julle vir mekaar kan bid. Bid saam.